30 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 21:22-27
Fokusgedeelte: Openbaring 21:22

# Die Here self is die tempel

In die visioen wat Johannes sien, ontbreek daar iets wat 'n mens maklik as die belangrikste van godsdiens sien, naamlik die plek van aanbidding. Hierdie visioen wys dat die plek van aanbidding nie die belangrikste is nie. Ons godsdiens moet gerig wees op God die Almagtige, en op Christus, die een en alles. Ons hele aanbidding draai om die wonder wat God deur Christus laat plaasvind het deurdat Hy as offer vir ons sondeskuld gestraf is.

Daardie gebeurtenis het alles nuut gemaak, en wanneer Christus weer kom, sal dit in volkomenheid vervul word en vir alle oë sigbaar wees. Daardie gebeurtenis maak dat 'n mens nuut, ver en diep na alles moet kyk. Die nuwe hou nie in dat 'n mens 'n streep deur die hele verlede moet trek nie. Die visioen sluit aan by die verlede, by die Israel van die ou bedeling. Die nasies bring hulle skatte na Jerusalem toe. Ons hoor van aardse dinge soos 'n stad en poorte, mure, fondamente en strate van goud en edelstene. Die koninkrykslyn loop deur vanaf die ou bedeling waarin Israel die volk van God was. Maar die wonderlike wat in Israel beliggaam was, is nou die deel van die hele mensdom.

Dit gaan nou om die nuwe Jerusalem wat Johannes uit die hemel sien afkom. Die aardse dinge word met die hemelse verbind. Alles is op God gefokus. As 'n mens so na die lewe en gebeurtenisse kyk, kom die ander dinge self in perspektief. Dan kyk 'n mens ook by die ou Israel verby na die nuwe Israel. Die mens wil graag die aardse dinge verabsoluteer. Sommige mense in daardie tyd het die hemelliggame, soos die son en maan en sterre, as gode gesien en aanbid. Die Bybelse gelowige kyk egter verder as net die natuur. Die hemelliggame is maar net dienende skepsels. Hulle is selfs nie eens nodig wanneer die lig van God se heerlikheid verskyn nie. Hy laat die donkerte van die nag verdwyn.

Die lig wat God vir die gelowiges gee, deurdring hulle hele lewe, bestaan en wese. Waar daardie lig skyn, is daar net plek vir wat en wie rein is, vir hulle wie se name in die boek van die lewe, die boek van die Lam, geskrywe staan. Dit is dié wat deur die Heilige Gees in sy versoeningsbloed gewas is. Dan is die Here alles in almal.

Sing: Skrifberyming 18-7:8, 9

Prof JL Helberg (Emeritus)